HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Spesifieke Oueromsendbrief no 31 van 2019

Derde kwartaal/Julie 2019

Geagte Ouers

Aan die begin van 'n baie bedrywige derde kwartaal, gee ons graag die volgende aan u deur.

1. PERSONALIA

Baie geluk aan die volgende personeellede wat hierdie kwartaal verjaar: 9 September – Elmarie Potgieter; 17 September – Sarie Jacobs.

2. LEERDERPRESTASIES

Baie geluk aan die volgende leerders met April/Mei se uitslae:

ABRSM:	**Danica Valkenborgh**	**Fluit Gr 4**	**83%**
	Martin Wessels	**Klavier Gr 6**	**88% (lof)**
TRINITY:	**Carla Greyling**	**Klavier Gr 6**	**83%**
UNISA:	**Ryk Pretorius**	**Klavier voorgr 1**	**81% (lof)**
	Bianca Treadway	**Klavier voorgr 1**	**72%**

Ons is sommer baie trots op julle!

3. ONDERWYSERPRESTASIES

Die volgende onderwysers ontvang merietesertifikate van Unisa vir uitstaande onderrig: Nadine Pretorius vir teorie, met 'n gemiddeld van 99%, Annemarie Kirsten vir teorie met 'n gemiddeld van 97%, Sarie Jacobs vir teorie met 'n gemiddeld van 92%, asook vir prakties, met 'n gemiddeld van 85%. Baie geluk aan julle ook!

4. FOOIE

U rekening vir die derde kwartaal is hierby aangeheg. Alle rekenings moet asb. teen **VRYDAG, 6 SEPTEMBER** vereffen wees. Bankbesonderhede: ABSA Randburg, Rek. no: 170680065, Takkode: 632005**, VERWYSING: MMS EN LEERDER SE NAAM EN VAN.**

5. **EISTEDDFOD SENTRAAL GAUTENG: 19-24 AUG. – OUDITORIUM**
LW: Prestasies wat hier behaal word, word deur Randburg, Fontainebleau en Unika erken. Op Woensdagaand, 28 Augustus hou ons 'n gala-aand, waar kategoriewenners van die verskillende afdelings sal optree. Wenners sal nie later as Maandag, 26 Augustus in kennis gestel word nie.

6. **UNISA PRAKTIESE EKSAMENS**
Dit vind einde Augustus, vroeg September plaas. Alles moet nou ingesit word vir goeie uitslae. Sterkte aan al die leerders.

7. **UNISA TEORETIESE EKSAMENS**
Ons gee solank vir u die datums deur. Aangesien dit 'n nasionale eksamen is, is daar géén moontlikheid om datums of tye te skuif nie! Alle sessies begin om 14:30.

VG 1 Woensdag, 16 Okt.

Gr 1 Donderdag, 17 Okt.

Gr 2 Woensdag, 16 Okt.

Gr 3 Donderdag, 17 Okt.

Gr 4 Vrydag, 18 Okt.

Gr 5 Dinsdag, 15 Okt.

8. **TOONLEERKOMPETISIE: VRYDAG, 16 AUGUSTUS IN DIE OUDITORIUM**
Dit is hierdie termyn sommer baie vroeg! Dit geld vir alle praktiese eksamenleerders – VG 1 uitgesluit. Tye sal deur die betrokke onderwysers gereël word. Ons betaal julle weereens om toonlere te oefen! Die prysgeld is as volg en sal op die prestige prysuitdelingsfunksie uitgedeel word.

Gr 1-2: 1ste R150 en 2de R100. Gr 3-4: 1ste R200 en 2de R150. Gr 5-6: 1ste: R250 en 2de: R200. Gr 7: 1ste: R300 en 2de R250.

Magneetskool sluit Donderdag, 19 September en skool Vrydag, 20 September.

Sterkte vir 'n baie vol en besige kwartaal.

Vriendelike Magneetskoolgroete

S JACOBS: Departementshoof **P BOOYSEN: HOOF**